# Hoofstuk van die dag: Esegiël 34

> *“Ek sal self my kleinvee se herder wees en hulle rustig laat lê en herkou,”sê die Here my God. (Eseg 34:15)*

Israel se leiers het hulle oor ’n lang tydperk in die steek gelaat (vers 2 e.v.). Nou sit hulle in ballingskap. Hulle kan

nie die leiers meer vertrou nie, want dié het hulle na ’n afgrond gelei. Daarom was hulle baie angstig oor die toekoms.
Dis met hierdie mense wat die Here by monde van Esegiël praat. Hy sê Hy weet hulle is ontnugter en onseker. Hy verstaan hoe hulle oor die verlede voel; Hy weet dat hulle soos skape sonder ’n herder voel, uitgelewer aan die wrede wêreld. Hy weet dat hulle wonder wat van hulle gaan word en wie hulle kan vertrou, wie hulle kan volg, en daarom, so belowe Hy, sal Hyself vir hulle ’n herder wees (vers 11-15). Daar is deernis in God se woorde. Hy gee om vir sy mense.
Omtrent 600 jaar ná Esegiël hierdie profesie gemaak het, het ’n ander Profeet, Jesus Christus, vir God se mense gesê: Ek is dié goeie herder van wie Esegiël gepraat het (Joh 10). Hy ken sy skape (jou!) op die naam, en belowe dat niemand ons uit sy hand kan ruk nie.



© Bybelkoerant 2018 – 2026